

FUTURUM AKADEMIE
HOËR STREWE

# PROSPEKTUS

Waar Christelike waardes en akademiese uitnemendheid ontmoet.

MOS

# WIE IS FUTURUM?

## Bou saam aan 'n toekoms vir Afrikaanse onderwys – 'n belegging in 'n koshuis vir die toekoms

In die hart van die Noord-Kaapse vlaktes, binne die welbekende Vaalharts Skema, staan 'n unieke onderwysinstelling: Futurum Akademie – 'n Afrikaanse privaat skool wat nie net kinders opvoed nie, maar lewens vorm. Hier is moedertaalonderrig, waardes, dissipline en akademiese gehalte die boustene van 'n nuwe generasie leiers.

Maar die wêreld verander vinnig. Die vierde industriële revolusie klop aan die deur, terwyl die huidige onderwyssisteem dikwels soos 'n worsmasjien kinders deurvoer sonder om hul unieke potensiaal te ontsluit. Ouers ervaar toenemende druk, onsekerheid en vrees:

"Gaan my kind soos 'n nommer hanteer word? Gaan sy kreatiwiteit gesmoor word? Gaan hy ooit leer om self 'n besigheid te begin? En wat van boelies, angs, en 'n verouderde kurrikulum wat nie meer sin maak in vandag se wêreld nie?"

Futurum Akademie, as deel van die MOS Skolenetwerk, staan juis teenoor hierdie realiteite. Ons is ouers en grootouers, mense wat empatie het met die werklike vrese van vandag se ouers. Daarom werk ons anders.

Ons verstaan hoe kinders se breine leer. Ons doen aanhoudend navorsing oor wat leer sinvol, toepaslik en toekomsgerig maak. En ons stap dié pad saam met ouers – nie net vir hul kinders nie, maar vir hul gesinne.

Nou brei ons verder in die Noord-Kaap uit: die volgende groot mylpaal is die bou van 'n moderne en veilige koshuisfasiliteit in die Vaalharts Skema. Hierdie belegging is nie net in geboue nie – dit is in die lewens van jong Afrikaanse kinders, in hul toekoms, hul drome en hul plek in 'n veranderende wêreld.



# WAAROM 'N KOSHUIS?





**Koshuisplanne** en **3D**-voorstelling

## Voordele van koshuis

- Verwyder afstand as struikelblok – maak dit moontlik vir leerders van omliggende dorpe en plase om in te skakel by Futurum Akademie se holistiese model.
- Bied 'n tweede tuiste – 'n veilige, geborge ruimte vir studiebegeleiding, karakterontwikkeling en emosionele ondersteuning.
- Breek sosiale isolasie – skep 'n sterk gemeenskap waar elke kind gesien, verstaan en ondersteun word.
- Staan sterk as streekskool – dien die wyer Noord-Kaapse gemeenskappe met 'n sentrum van Afrikaanse uitnemendheid.

## Voorgestelde projekfinansiering

Om die koshuisprojek te finansier, word ouers en beleggers uitgenooi om deur middel van Slim-effekte – 'n innoverende beleggingsmodel wat reeds in ander gemeenskappe suksesvol toegepas is – deel te neem.

- "Slim-effekte is een van die slimste maniere om gemeenskapsprojekte te befonds: beleggers kry opbrengs, en gemeenskappe kry infrastruktuur."
  — Dawie Roodt, Ekonoom
- "Slim-effekte gee jou die geleentheid om met jou geld iets betekenisvol te bou – iets wat bly."
  — Roedolf van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Die MOS Inisiatief

Hier lê 'n kans om nie net in bakstene en sement te belê nie, maar in iets veel groter: 'n toekoms waar ons kinders toegerus is vir die wêreld wat op hulle wag – en nie dié wat reeds verby is nie.



# WAT BIED DIÉ SLIM-EFFEKTE VIR JOU?

- 'n Gestruktureerde belegging met 'n duidelike opbrengsmodel – Prima plus 2%
- Volledige deursigtigheid en bestuur deur kundiges
- 'n Tasbare impak op die toekoms van Afrikaanse onderwys
- 'n Veilige en betroubare beleggingsplatform waarop die Slim-effek en ander instrumente soomloos kan verhandel

MOS Slim-effekte word ten volle deur die Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis (TAKKE) onderskryf en gewaarborg.

Roedolf van der Westhuizen, uitvoerende hoof van Die MOS Inisiatief, sê in 'n land waar die oorblywende 1 200 skole wat Afrikaanse moedertaalonderrig bied onder druk is om na Engels oor te skakel, moet Die MOS Inisiatief sy pogings verdubbel om sy hoogs suksesvolle netwerk van Afrikaanse privaat skole uit te brei.

"Dit het dadelik sin gemaak dat ons Mesh.trade gebruik om 'n korporatiewe effek as 'n slim-effek uit te reik en só die R100 miljoen gewerf het wat gebruik is om ons netwerk uit te brei. Mesh.trade se uitgebreide finansiële kennis en veilige en deursigtige digitale mark wat die nodige regulatoriese goedkeuring het, bied die perfekte omstandighede vir ons om vinnig en koste-doeltreffend kapitaal te werf, direk vanaf ons ondersteuners."







# FINANSIËLE KOSTE

## Finansiële besonderhede en projekkoste van die beplande koshuis

Die koste van die maandelikse bydrae: R5 000 per maand oor 11 maande.

| | Fase 1 (opsie1) | Fase 1 (opsie2) |
|---|---|---|
| Totale projekkoste | R21 911 581* | R21 911 5811* |
| Fase 1 – Koshuis-ouerwoning en blok een (32 beddens) en moontlik blok twee (32 beddens); altesaam 64 beddens | R3 802 0901* | R6 033 6001* |
| Fase 2a – Blok twee (64 beddens) | R2 231 5101* | R0* |
| Fase 2b – Blok drie & blok vier; Studiesaal (160 beddens) | R14 848 7221* | R12 617 2121* |
| Fase 3 – Blok vyf (192 beddens) | R3 260 7691* | R3 260 7691* |
| Minimum belegging per Slim-effek vir fase 1 | R4 000 000 | R6 200 000 |
| Beplande voltooiingsdatum van fase 1: Vierde kwartaal van 2025 | | |

* BTW uitgesluit

# NA WIE REIK ONS UIT?

1. Die ouerbelegger: ouers wat die geleentheid tot kwaliteit Afrikaanse moedertaalonderrig met toekomsgeleenthede aan hulle kinders wil bied deur te belê en hul kind in te skryf.

| Opsie 1 | Opsie 2 |
|---|---|
| Daar is plek vir die eerste 20 ouers wat elk R100 000 belê vir 'n koshuisgebou van 32 leerders. | Daar is plek vir die eerste 30 ouers wat elk R100 000 belê vir 'n koshuisgebou van 64 leerders. |

| Kontantvloei-voorskatting vir 2026 | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maand | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | **Totaal** |
| Koshuisfooi per maand | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | -5 000 | | **-55 000** |
| Rente van R100 000 belegging | | | 3 187.50 | | | 3 187.50 | | | 3 187.50 | | | 3 187.50 | **12 750** |
| Netto kontantvloei | -5 000 | -5 000 | -1 812.50 | -5 000 | -5 000 | -1 812.50 | -5 000 | -5 000 | -1 812.50 | -5 000 | -5 000 | -1 812.50 | **-42 250** |

*Rentekoers gebaseer op 12.75% (prima rentekoers +2 soos op 18 Junie 2025)

2. Die belegger: iemand met 'n passie vir kwaliteit Afrikaanse moedertaalonderrig en geleenthede vir die jeug van vandag om 'n beter toekoms in ons land te verseker en 'n goeie opbrengs verdien.

   **Vir slegs 'n minumum van R5 000 per Slim-effek is hierdie 'n sinvolle belegging.**
   **In totaal benodig ons R2 000 000 (400 Slim-effekte) addisioneel tot die 20 ouerbeleggers (Opsie 1) of R3 000 000 (600 Slim-effekte) addisioneel tot die 30 ouerbeleggers (Opsie 2).**

3. Die passievolle ouer wat 'n koshuis soek: die ouer wat slegs die heel beste aan sy/haar kind wil bied en die droom van 'n suksesvolle koshuis in die Vaalharts Skema, wat toegang tot kwaliteit Afrikaanse moedertaalonderrig vergemaklik.

| Opsie 1, Fase 1 | Opsie 2, Fase 1 |
|---|---|
| Plek vir 12 leerders teen R5 000 per maand vir 11 maande. | Plek vir 32 leerders teen R5 000 per maand vir 11 maande. |

4. Enige skenkings is ook welkom.



# TYD OM TE BOU

## Dis nou die tyd om te bou – fisies én geestelik

**Moedertaalonderrig** is nie net 'n onderrigmodel nie – dis 'n vorm van bewaring, bemoediging en bemagtiging. Jou betrokkenheid as belegger of ondersteuner help om:

- 'n Kind toegang tot kwaliteit Afrikaanse onderwys te bied
- 'n Geleentheid te skep vir 'n leerder om in sy of haar moedertaal te droom én te presteer
- 'n Anker vir kultuur en gemeenskapsbou vas te maak in 'n streek wat dit verdien

**Raak vandag betrokke – belê in 'n toekoms wat sin maak**

- Neem deel aan die Slim-effek-program teen Prima plus 2% rente
- Skakel ons vir 'n persoonlike bespreking van jou beleggingsmoontlikhede
- Stuur 'n e-pos om volledige dokumentasie aan te vra
- Lees meer en registreer jou belangstelling op ons webwerf



"Moedertaalonderrig is nie 'n luuksheid nie – dit is 'n reg. Laat ons saam seker maak dat elke kind dit in Afrikaans in die Noord-Kaap kan ontvang."

# KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Meer oor **Futurum Akademie**:<br>www.futurumakademie.co.za | Meer oor **Die MOS Inisiatief**:<br>www.diemos.co.za | Meer oor **Mesh**:<br>https://www.mesh.trade/mos/ |




Vir meer inligting oor die koshuis kan die skoolhoof gekontak word:
**Mnr. Rudi Meyer**
Selfoonnommer: +27 82 953 3903
E-posadres: rudi.meyer@futurumakademie.co.za

Vir meer inligting oor die Slim-effekte of projekfinansiering van die belegging kan die uitvoerende beampte van Die MOS Inisiatief gekontak word:
**Mnr. Roedolf van der Westhuizen**
Selfoonnommer: +27 83 311 2001
E-posadres: roedolf@diemos.co.za






